# MONNIE GONS

## *Monnies Presteer*

Uitgawe 11 van 2024 | Tydperk: 4 - 10 April




## TWEE KAMP

Verskeie Monnies het deelgeneem aan die 2023/2024 Tweekamp Seisoen. Tydens die byeenkomste word die volgende plekke behaal:

- Elri Vorster - Drie 1ste plekke - o/8.
- Emma Vorster - Drie 1ste plekke en 'n 3de plek - o/11.
- Ewan Vorster - Twee 1ste plekke en twee 2de plekke - o/13.

Tydens die SA Kampioenskappe te Bloemfontein presteer hul as volg:
Ewan Vorster - 1ste plek - o/13 Seuns. SA Kleure word aan hom toegeken deur die SA Tweekamp Vereniging.
Emma Vorster - 12 de plek - o/11 Dogters.





## ROLBAL

Christian Gerber, graad 7, het vir die derde jaar aan die Bowls SA Junior Nationals wat in Bloemfontein plaasgevind het vanaf 22 - 25 Maart deelgeneem. Liamé du Plessis, graad 5, het vir die eerste keer deelgeneem. dit was in Bloemfontein 22 - 25 Maart. Hulle het so goed gespeel en is baie trots op hulle.





## DANCE WORLD CUP

Joshua Grové het vanaf 11 tot 16 Maart aan die Suid Afrikaanse kwalifiserende rondte vir die Dance World Cup deelgeneem.

Hy verower 5 goue en 3 silwer medaljes.
Hy gaan vanaf 23 Junie tot 3 Julie, Suid Afrika verteenwoordig in Praag. Daar is meer as 8 000 dansers van meer as 50 lande wat deelneem.




## BALLET EKSAMEN

Isabel Fouché, graad 4, behaal silwer vir haar Graad 2 Ballet Eksamen.




## REGIONALS LEVEL 2 SWEM GALA

Acin Mare het die vakansie behoorlik afgeskop met Regionals Level 2 Swem Gala by Germiston.
Hy het o/10 geswem en was 1 van 6 o/8 seuns wat gekwalifiseer het vir die groot geleentheid.
Hy het die volgende geswem en in sy ouderdoms groep en o/10 ouderdoms groep die volgende behaal:

Vryslag 100m – 62ste plek o/10 (2de plek o/8)
Rugslag 100m – 32ste plek o/10 (1ste plek o/8)
Borsslag 100m – 36ste plek o/10 (2de plek o/8)
Vryslag 50m – 48ste plek o/10 (1ste plek o/8)
Vryslag 200m – 39ste plek o/10 (2de plek o/8)

Hy het ook dan vanaf 1 April 2024 oorgeskuif na Tukkies toe waar hy die volgende NTS as hulle swemmer sal deelneem.

